Hoofstuk 92

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Hierdie hoofstuk wys dat die mensdom basies in twee groepe verdeel kan word aan die hand van hulle planne en doelwitte en die resultate daarvan

1. Ek sweer by die nag wanneer dit die son bedek,

2. en by die dag wanneer die son onthul word,

3. en by die Een wat die manlike en die vroulike geskape het,

4. jy is jou lewe deur besig met een of ander plan en doelwit om suksesvol te wees, dit is net die aard van die planne, die doelwitte en die resultate wat verskil: en of dit ewige geluk bring of ewige verderf: (K84:6)

5. Wat betref diegene wat liefdadigheid gee en so 'n heilige respek het vir Allah dat hulle daarop bedag is om alle bevele van Allah in alle aspekte van die lewe te gehoorsaam,

6. en glo in die beste geloofsbelydende woorde: die belydenis dat daar geen God behalwe Allah is nie, wat by implikasie verwys na die beste godsdiens, Islam,

7. Ons sal die weg na uitermate gemak en rus, in die Paradys, vir so iemand vergemaklik, deurdat ons dit vir hulle maklik sal maak om die dinge te doen wat lei tot die gerief van die Paradys: hulle sal 'n natuurlike aanleg en aanvoeling daarvoor hê.

8. Maar diegene wat geldgierig is en nie die verpligte Armebelasting en aalmoese gee nie en hulself as selfgenoegsaam beskou, asof hulle nie ook afhanklik is van Allah nie,

9. en die beste geloofsbelydende woorde: die beste godsdiens, Islam, verwerp,

10. vir so iemand sal Ons die weg na uitermate ongemak, onrus en ellende in die Hel vergemaklik deurdat ons dit vir hulle maklik sal maak om die dinge te doen wat lei na die ellende van die Hel: hulle sal 'n natuurlike aanleg en aanvoeling daarvoor hê.

11. En nie eens rykdom sal, in die graf of op die Oordeelsdag, van enige hulp wees wanneer die goddelike besluit tot so iemand se vernietiging in die Hel in werking tree nie: dit sal wees soos wanneer 'n mens in 'n put sou val en val en val... en daar niks is om te keer nie.

12. Natuurlik het Ons onderneem om leiding te gee,

13. en die Hiernamaals is, soos hierdie aardse lewe, onder Ons beheer.

14. So het Ek jou gewaarsku van 'n vlammende Vuur.

15. Waarin niemand sal ingaan nie behalwe die ellendige een...

16. ...wat die waarheid verwerp het, die ongelowiges wat daarvan weggedraai het en hul rug op die waarheid gekeer het.

Die volgende verse was openbaar na aanleiding van Abu Bakr wat die gewoonte gehad het om swak en hulpelose Moslem slawe los te koop van hul ongelowige eienaars en vry te laat, nie om daarna vir hom te veg nie maar suiwer om Allah bly en tevrede te maak

17. Hierteenoor het diegene wat die Heiligste Respek vir Allah het niks om te vrees nie: hulle sal dit gespaar bly en vêr van die Vuur van die Hel gehou word,

18. hulle wie hul rykdom in liefdadigheid gee ten einde gereinig te wees, soos Abu Bakr wat, soos sy gewoonte was,...

19. ... wat eers die sewe nuwe Moslems teen 'n baie hoë prys losgekoop het van ongelowiges in Mekka, waar hulle vervolg was nadat hulle Moslems geword het, en hy hulle toe daarna vrygelaat het: sonder dat hy iets aan hulle verskuldig was of enige wins of beloning daaruit sou kry...

20. ...maar hy het sy rykdom in liefdadigheid gegee slegs sodat sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer, die Allerhoogste, met 'n tevrede gesigsuitdrukking na hom sal kyk.

21. En waarlik hy sal binnekort gelukkig wees: wie ook al spandeer op die weg van Allah slegs tot die tevredenheid van Allah en nie om enige iets daarby te baat nie, sal Allah se tevredenheid ervaar in die Hiernamaals deur die verkryging van wonderlike en ewige seëninge in die Paradys.